UITGAWE 5 | JAARGANG 22 | 15 MAART 2024

# VRY POS

## PAASTYD

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk
Vrystaat

# INHOUD


03 **VRYPOS-FOKUS**

**VISIONERING**
**Moderamen** | *"Laat die puinhope jubel – die Here is hier!"*

04 **ARTIKELS**

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID**
**Rampondersteuning** | *Rampe in ons midde – wat nou?*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**RFF (Deel 6 van 7)** | *Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Werkgroep vir Islam** | *Die gebruik van die Koran in gesprekke met Moslems*

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Sentrum vir Predikantebegeleiding** | *Leer meer, oor en weer*

**AFRIKA-EKUMENE**
**RCEA, Kenia** | *Hartlike ontvangs in Kenia verwarm harte*

**ALGEMEEN**
***Golden Thread*-reeks, 2023** | *Die Goue Draad deur die lewe van Corné le Roux*

06 **VERBI DIVINI MINISTER**

**EREDIENS NETWERK**
**Martin Laubscher** | *Gehoor van Skriflesing?*

NUUT

08 **UIT DIE FAKULTEIT**

**FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)**
**Calvin Ullrich** | *Department of Historical and Constructive Theology*

09 **MEDIATEEK**

**BOEK EN INVENTARIS**
**Pieter van Jaarsveld** | *Die liefde van Christus dring ons. Missie Japan - 50 jaar -*

10 **EKOLOGIE**

**Kom ons vier Aarde-uur!** | *23 Maart*

11 **AKTUEEL ALGEMEEN**

11 | CLF - Pinksterreeks 2024
12 | Red 'n Plaas, Red 'n Gemeenskap!
13 | #Imagine, 21-23 Maart
14 | Advertensies

15 **VERJAARSDAE**

17 **OPLEIDING**

19 **NUUSBRIEWE**
**PUBLIKASIES**
**BROKKIES UIT KERKBODE**

20 **WAT'S NUUS?**
**KALENDER**
**VAKATURES**
**AFLOSLERAARS**

21 **'N LAASTE GEDAGTE**

22 **KONTAK ONS**

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe | René Wessels
Mariëtte Odendaal
Enrico Casaleggio
Martin Laubscher
Calvin Ullrich | Laetus Lategan
*VrydagNuus*, Kaapkerk
*Kerkbode* | *CLF* | *e•CKE*
Missie Japan

---

## PAASTYD

Paasfees kan nie losgemaak word van die Kruisgebeure nie en vier die opstanding van Jesus Christus, wat op die derde dag na Sy kruisiging, uit die dood uit opgestaan het. Dit begin by Heilige Donderdag en eindig by Paassondag, waar die pelgrim tydens hierdie vier dae 'n eksodus, wat deur die dood na die nuwe lewe lei, beleef.

## DAGBOEK DÍT

***#imagine***
**21 - 23 MAART 2024**
Nampo Park, Bothaville, *Vrystaat*

## VOLGENDE VRYPOS

*VRYPOS* hou vakansie, die volgende uitgawe verskyn op **Vrydag 12 April**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za





Visionering, Moderamen (Foto: Canva)



# "LAAT DIE PUINHOPE JUBEL - DIE HERE IS HIER!"

*Deur ds Jan Lubbe*

Op 'n snikhete dag in 'n dorp sonder water vergader die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat. Vroegoggend al raak dit uitdagend: Kort voor Winburg verloor die bussie uit Bloemfontein 'n voorband; Adriaan de Ruiter bring ons veilig tot stilstand; gelukkig ry ouderling Flip Geel uit Harrismith net agter ons – hy kon die spaarwiel gou vat en laat pomp! Ons sê dankie vir 'n veilige aankoms, almal rondom die tafel. De la Harpe le Roux is nie daar nie; ons rou saam met hulle gesin; Corné het heengegaan. Een ná die ander vertel van die droogte se impak; honderde hektare mielies staan verskroei; "ons boere kry bitter swaar". Ouderling Annemarie Mostert van Suidoos Bloemfontein vertel van die vorige week se "puinhoop": Die groot grondbesetting in hul buurt en uiteindelik die desperate haweloses in 'n skroeiende son – hul grype na 'n (korrupte) grashalm, tevergeefs ...

**"... die Here troos sy volk, Hy koop Jerusalem los."**

Só eindig ons teks vir die oggend – Jesaja 52:9. Ons lees dit stil, want 'n paar dae tevore was dit die Skrifwoord by die gedenkdiens vir klein Anelle Botha, die dogtertjie van ons kollegas Thania en Rikus. Sy't net twee dae oud geword; háár leeftyd by ons, het André Oosthuizen die Woord aan 'n treurende familie en gemeente in Universitaskerk bedien.

Ons lees die woorde *"boodskapper van vreugde ... vrede ... verlossing"* (vs. 7); *dat sy Naam is "die Een wat sê: 'Ek is hier'!"* (vs. 6). Dís die troos: God is hier teenwoordig! Hier, tussen 'n droë somer se puinhope; ín hierdie Lydenstyd!

**Lees meer »**

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE | ALGEMEEN

DIENS VAN BARMHARTIGHEID



*Mariëtte Odendaal*

Rampondersteuning

**Rampe in ons midde - wat nou?**

»

VENNOTE IN GETUIENIS




*Mariëtte Odendaal*

RFF | Deel 6 van 7

**Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies**

»

VENNOTE IN GETUIENIS



*Dr Enrico Casaleggio*

Werkgroep vir Islam

**Die gebruik van die Koran in gesprekke met Moslems**

»

BEDIENINGS-BEGELEIDING



*Ds René Wessels*

Sentrum vir Predikantebegeleiding

**Leer meer, oor en weer**

»

AFRIKA-EKUMENE



*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*

RCEA, Kenia

**Hartlike ontvangs in Kenia verwarm harte**

»

ALGEMEEN



*Mariëtte Odendaal*

*Golden Thread*-reeks, 2023

**Die Goue Draad deur die lewe van Corné le Roux**

»

# Ons Roeping 200+

God Drie-Enig roep ons.

Ons Vader roep ons deur sy Woord en Gees,
  na 'n toekoms waar Jesus reeds is.

Op die weg daarheen,
  roep God ons om Hóm te vertrou,
  wanneer ons na Sy teenwoordigheid verlang
  en smag na die heling wat Hý skenk.
  God roep ons om onderweg,
  nederig na Sý stem te luister,
  en dankbaar vir die verlossing in Christus,
  Hóm te volg.

God stuur ons – so het ons gehoor –
  om as 'n familie van gereformeerde kerke,
  in ons verskeidenheid van kulture, tale en gawes
  én verenig in geloof, hoop en liefde,
  lig en sout vir die wêreld te wees.

Ons word gestuur...

... om as gemeentes en saam met ander kerke te getuig van Christus se Evangelie, sy geregtigheid en vrede; (kerugma)

... om in gemeentes veilige, vriendelike tuistes te help skep, waar mense dissipels van Jesus kan wees; (koinonia)


... om met gemeentes en gemeenskappe saam te werk in die verligting van nood en die bediening van hoop; (diakonia)

... om in ons geloof en aanbidding te groei, toegerus om leiding te neem in die bediening van sy Woord en dié roeping wat God op ons harte lê. (leitourgia)

"Ons wil doen wat reg is,
  ons wil liefde bewys,
  ons wil lewe voor U,
  bedagsaam loop."

Só lui ons Sinodelied van 2023.

Só wil ons God volg,
  ons Vader, Verlosser en Trooster.



# GEHOOR VAN SKRIFLESING?

BEDIENINGSBEGELEIDING

***Deur** dr Martin Laubscher, Erediens Netwerk*

Een van die oomblikke in die weeklikse liturgie op 'n Sondagaand in die Presbiteriaanse kerk op Stellenbosch wat 'n groot indruk op my as student gemaak het, was wanneer een van die lidmate na vore sou stap terwyl die plaaslike predikant van die gemeente, David Hunter, eenkant sou gaan sit – en die Skriflesing van die teks vir die aand se prediking aan die gemeente sou voorlees. Hoewel ek in daardie stadium min blootstelling aan hierdie praktyk gehad het, en geen agtergrond nie, was ek dikwels beïndruk met hoe goed die betrokke lidmate die Skriflesing sou doen, en dan veral hoe aandagtig die einste prediker daar sou sit en luister na die voorlesing. Dit was asof hy nooit klaar kon luister na die teks nie. Ek het dikwels die ervaring gehad dat hy luister om te hoor of daar nie dalk nóg iets is om aan die gehoor te gee in die prediking hierna nie. Trouens, mettertyd het ek selfs tot die insig gekom dat dié einste geloofsgemeenskap teenwoordig ook deur die bank só in afwagting sou sit en ge***hoor***saam luister na die Skrifte wat voorgelees word.

Dit is dalk die rede waarom vandeesweek se lesing my ook so intens getref het toe ek lees wat Constance Cherry skryf in haar boek *The Worship Architect* (2021) oor die belangrikheid van openbare Skriflesing in die erediens.

*"Today there is a new dilemma in many churches. The amount of time devoted to preaching is not compromised, but the public reading of Scripture is all but gone. ... Perhaps a new reformation is in order so that the public reading of Scripture can resume its rightful place in Christian worship regardless of service style" (85).*



***Foto: Dr Martin Laubscher** (verskaf)*

**Lees meer »**

NG Kerk
Vrystaat

*'n Volgende geslag se impak in die Vrystaat is onberekenbaar*

## SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL

# HELPMEKAAR VRYSTAAT

**Helpmekaar Vrystaat**
gee jaarliks beurse aan studente
Vanjaar het 92 studente aangeklop
Daar is slegs R 12 855 per student beskikbaar



**SKENK VANDAG**

### DONASIES

**NG Kerk Vrystaat** ☑
**Nedbank**
**Takkode: 198765**
**Rek: 1178 097 218**
*Verwysing: Helpmekaar*

Van die aansoekers vir 2024 is voornemende

| | |
|---|---|
| Landboukundiges | 05 |
| Onderwysers | 23 |
| Mediese Personeel | 20 |
| Maatskaplike Werkers | 04 |

tbotha@ngkvs.co.za (051) 406 6700

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# DEPARTMENT OF Historical and Constructive Theology

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Dr Calvin Ullrich**

*Senior Lecturer: Interdisciplinary Theology, Department of Historical and Constructive Theology*

This week we want to introduce one of our new lecturers in the Department of Historical and Constructive Theology, Dr Calvin Ullrich. From September 2023 he took up his new position as Senior Lecturer in Interdisciplinary Theology in the Department of Historical and Constructive Theology here at the University of the Free State. Joined by his fiancé and sixteen-month-old daughter they have begun to settle into their new lives in the City of Roses, a sure and definite adjustment to his place of birth, Cape Town, and the site of his former employer at the Ruhr-Universität Bochum, Germany. Nevertheless, the liturgical season of Lent invites reflection, and he would like to take this opportunity to look, as if into a mirror, about where he finds himself, so as to look forward to the future of theology today.

"One could begin right here, this heat-soaked landscape, yet teeming with the vitality of youth – both of age and heart – with all its historical layers: The outer and most visible its profound sense of community. But we are still new, and there is much to learn and see, smell, and hear. So let me zoom in closer. Here in the Department of Historical and Constructive Theology, where the history of the church, its polity and development are taught, and the doctrines of the faith (a nod to what is usually known as systematic theology) are placed in deliberate contact with the pressing issues of our society and our world at large, theology is put to work and its relevance tested. But what could 'constructive' theology mean in such a context? Are we talking about bending what is timeless to meet shifting criteria for truth? On the contrary. Theo-*logos* or 'talk of God' in both the sense of God's revelation and our human responding, is always mediated for us, and as such can never be a closed system. Indeed, the life of faith is a constant hopeful unfolding of God's promises, always in process, unpredictable, and surprising.".

Dr Ullrich was most delighted to find that the title bestowed on his position was accompanied by the adjective "interdisciplinary". "This goes to the heart of what theology, in my view, should come to be today. We can no longer operate in silos, neither in academia nor in our own disciplines, but we must confront the dynamisms of faith as they are played out in the flux of everyday life, and we must do so with all the help we can get.

**Read more »**

# Die liefde van Christus dring ons


## Die verhaal van **Missie Japan** - 50 jaar -

**Dr Pieter** van Jaarsveld

*AFRIKAANS / SAGTEBAND / UITREIK/EVANGELISASIE*

*"Die liefde van Christus dring ons" vertel die verhaal van Missie Japan, 'n organisasie wat reeds 50 jaar oud is. Missie Japan is meer as net 'n sendingorganisasie; dit is 'n vennootskap tussen twee kerkgemeenskappe wat letterlik aan weerskante van die aarbol sit. In 1973, 50 jaar gelede, stuur die NG Gemeente Bloemfontein (Tweetoringkerk) Tobie de Wet as 'n sendeling na Japan. Dit is waar die NG Kerkfamilie se reis in Japan begin het. Die Reformed Church in Japan is 'n klein denominasie in 'n land waar minder as een persent van die bevolking Christene is. Tog het hierdie denominasie gegroei en verdiep, en sleutelfigure soos Tobie en Annalie de Wet, Gys en Linda Olivier, en Stephán en Carina van der Watt het as sendelinge opgetree. Hierdie boek vertel die inspirerende verhaal van die vennootskap tussen die twee denominasies wat ten spyte van afstand, taal- en kultuurverskille, van krag tot krag gegroei het.*

*Die skrywer van hierdie boek is dr Pieter van Jaarsveld, wat nie net op die bestuur van Missie Japan dien nie, maar ook as die vorige Moderator van die NG Kerk Vrystaat Japan besoek het, as leraar van Bothaville gaste uit Japan ontvang het, en as 'n entoesiastiese emiritusleraar Missie Japan ondersteun. Hierdie boek is bedoel vir almal wat belangstel in wêreldsending en die uitdagings en verhale van God se genade in 'n eerstewêreld-land wil leer ken waar mense se lewens handomkeer verander is deur die Goeie Nuus van Jesus Christus.*







***Oorgeneem uit** shop.clf.co.za*

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

# EKOLOGIE




**“LIGTE AF, DINK GROEN.”**

*Oorgeneem uit* ***www.earthhour.org***

Vanjaar word **Aarde-uur op 23 Maart vanaf 20:30 tot 21:30** gevier.

Aarde-uur het in 2007 begin met die aanvanklike oproep om vir ’n uur lank geen ligte te gebruik nie. Dit het intussen uitgebrei na ook ander maniere om enige 60 minute gedurende dié dag op te offer en iets positiefs vir ons mooi aarde te doen.

Kom ons vier hierdie dag sinvol saam met 190 ander lande wêreldwyd.

Lees meer daaroor HIERONDER.

60 EARTH HOUR

**Lees hier »**

# AKTUEEL EN ALGEMEEN









# Gee jou kreatiwiteit vleuels vir Red 'n Plaas Red 'n Gemeenskap Camino!

Die Sinode van die NG Kerk Noord-Kaapland in samewerking met Agri-Noordkaap, ondersteun sedert 2019 boere en landelike gemeenskappe in hierdie streek wat deur rampe soos veldbrande, sprinkaanplae en uitmergelende droogtes geteister word.

Hierdie vennote het 'n rampfonds, bekend as die Red 'n Plaas, Red 'n Gemeenskap Rampfonds, gestig om pastorale en fisiese hulp aan hierdie gemeenskappe, in tye van nood, te verskaf. Op hierdie wyse is hulpverlening van meer as R13 miljoen in die afgelope vier jaar aan die gemeenskappe gelewer.

Die vlagskipprojek om fondse in te samel vir hierdie rampfonds is die Red 'n Plaas, Red 'n Gemeenskap Camino wat vanjaar tussen **6 en 12 April 2024** in die Victoria-Wes omgewing plaasvind. Een honderd stappers word genooi om 139km binne sewe dae te stap.

Ons nooi graag gemeentes binne die verskillende sinodale streke om op die volgende maniere deel van hierdie projek te word :

• Gee asb inligting rakende die projek deur aan kerkrade en gemeenteleiers.

• Registreer en kom stap self die roete terwyl mense jou deelname finansieël ondersteun. So kan jy 'n positiewe impak maak waar dit regtig nodig is. Skryf in op die webwerf van www.tankwacamino.com/caritas-red-n-plaas-camino

• Word 'n ambassadeur vir die projek. Jy hoef nie te stap om te help nie – jy kan ook mense in jou omgewing mobiliseer om virtueel deel te neem.

• Virtuele deelname gee enige groepe soos verenigings, klubs, skole, mense wat saam draf, fietsryers wat aan wedrenne deelneem, die VCSV by skole, jeuggroepe, ouetehuise en verskillende belangegroepe, die geleentheid om net daar waar hulle bly, werk, sport en hulle stokperdjies beoefen, of dit in Amanzimtoti of Knysna is, inisiatief te neem om die projek te ondersteun. So het oom Jannie Roodt (92) verlede jaar met sy elektroniese rystoel in 6 dae 'n afstand van 166.6 km afgelê en R30 000 ingesamel deur 504 keer rondom die Gereformeerde kerkgebou in Koster te ry.

• Kry 'n borgvorm by Kobus van Tonder en gee jou kreatiwiteit vleuels!

*Vir meer inligting gaan op Facebook of maak direk kontak met die projekkoördineerders.*

**Lees meer oor wie ons is, wat ons doen en waaroor ons droom.**

www.facebook.com/rednplaasredngemeenskap

**Projekkoördineerders:**


**ds Kobus van Tonder**
+27 76 530 4028
kobusvt04@gmail.com

**ds Deon van der Berg**
+27 83 448 3791
deon@ngstella.co.za

**Me. Janine Byleveld**
+27 73 291 0557
janine@agrink.co.za

# VIBE - EXPLORE - MOKETE - KUIER - PRAISE




# imagine

## 21 - 23 MARCH 2024

### FREE STATE

**NAMPO PARK, BOTHAVILLE**


**CHRISTIAN CAMP FOR TEENAGERS AGED 13-18 YEARS**




**TICKET PRICE R650-00 EXCLUDING TRANSPORT**

# WORSHIP - ENCOUNTER - VRIENDE - FUN


Koop 'n
Hosanna Tonic Solfa
(enige taal)
vir R195.50* en kry 'n
Hosanna woorde
in dieselfde taal
gratis!
HOSANNA
HOSANNA
Klik hier »


CLF'S
BOOK
CLUB
BOOK A MONTH CLUB
MEMBERS RECEIVE 50%
DISCOUNT ON ANY ONE
BOOK PURCHASE EACH
MONTH
INSPIRATIONAL, LIFE STORIES, BIBLES, PARENTING, SPIRITUAL GROWTH
info@clf.co.za
021 873 6964
Klik hier »


Evangelism
Stil-weg
A Survey of Presbyterian Mission History in Africa
GET CLF's LATEST PUBLICATIONS TODAY at any CLF Booksho
https://shop.clf.co.za/contact-us/
KRY CLF se JONGSTE PUBLIKASIES VANDAG by enige CLF Boe
Klik hier »


MEESTERSTUK 3
KONSERT:
Engo
Around the
world
17 & 18 Mei 2024 - 17:30
Leopards and Lace
R290 PER PERSOON: Ete ingesluit
KONSERT / VEILING / ETE / DANS
073 566 00 78
Klik hier »


Engo
KWID
ROJEK VAN HOO
n 'n kans om 'n RENAULT KWID LIF
aarde van R196 999 te wen
EVOLVE
WWW.ENGO.CO.ZA 060 548
Klik hier »


Choose
Engo
Engo is looking for dedicated volunteers to join us in our mission to make a positive impact in our community.
SA Tennis Schools Tournament |
21 March 2024 - 2 April 2024
Bloemshow |
25 April 2024 - 4 May 2024
GET IN TOUCH
060 548 5543
info@engo.co.za
Klik hier »


HUMAN RIGHTS
PANEL ENGAGEMENT SESSION
THEME: EXPLORING THE INTERPLAY OF THEOLOGY AND HUMANITIES IN SHAPING A 30-YEAR DEMOCRACY IN SOUTH AFRICA: TOWARDS A JUST AND INCLUSIVE SOCIETY
20 MARCH 2024
HMS 10
13:00
theologyevents@ufs.ac.za
Klik hier »


CALL FOR PAPERS
After Thirty Years – URCSA and Democracy
Date: 27 – 29 August 2024
ABSTRACT DEADLINE
30th June 2024
ABOUT THE CONFERENCE
JOIN THE CONVERSATION
CONFERENCE TOPICS
Klik hier »


Nou Beskikbaar
by die
Kerkkantoor!
R500
NG KERK
FRANKFORT
FNB
TAK KODE: 230433
REK NR: 62638590126
VERWYSING:
Gedenkboek & Naam
Inligting: 060 524 2049
GOD SE
LEWEGEWENDE
STROOM
Die verhaal van die
NG Gemeente
Frankfort
1873 - 2023
Klik hier »

# VERJAARSDAE



VEELS geluk

NG Kerk
Vrystaat

## MAART

| Datum | Naam | Gemeente |
|---|---|---|
| 15 | Ds Anneri Viljoen-Potgieter | HUGENOOT |
| 16 | Ds Gerhard Meyer | KOPANONG KERK |
| 20 | Ds Mauritz Heyneman | HEUWELKRUIN |
| 20 | Ds Frans du Toit | HOOPSTAD |
| 22 | Ds Ockie Olivier | VIERFONTEIN |
| 24 | Ds Johann Kemp | CORNELIA |
| 30 | Mev Christelle Smith | SINODALE KERKKANTOOR |
| 30 | Ds Werner Burger | ZASTRON |

## APRIL

| Datum | Naam | Gemeente |
|---|---|---|
| 01 | Ds Gert Oosthuizen | KOPPIES-WELTEVREDE |
| 02 | Prof Henco v/d Westhuizen | TEOLOGIESE OPLEIDING |
| 02 | Ds Stephan Swart | BETHLEHEM-EFRATA |
| 08 | Ds Org van der Watt | KERKENBERG |
| 09 | Ds Jors Reynders | BLOEMHEUWEL |

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

**DOEN JY ADMINISTRASIE? HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk
Vrystaat

’n Inleidende kursus wat jou blootstel aan die Sinodale kantoor en werksaamhede. Ons kyk na praktiese aspekte vir elke dag se werk in die kantoor.

## STEL JY BELANG?

**kontak Tertius vandag nog**

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## EMMAUS BEWEGING PROGRAMME


2024

15 VBO-punte

Engelse aanbiedings

Lees meer +

**Navrae** +




## DIE JAAR VAN GOD SE GENADE PAASTYD

19 - 20 Maart

20 VBO-punte

Aanlyn-aanbieding
*Dr André Bartlett*
R110 p/p

Lees meer +

**Registreer** +



## ONDERRIG VAN ONS JEUG

23 / 24 April

5 VBO-punte

Pretoria / JHB
R175 p/p

Lees meer +

**Registreer** +




## PASTORALE BERADINGS-KURSUS

28 Mei

5 VBO-PUNTE

Zoom-aanbieding
*Prof Wentzel Coetzer*
R250 p/p

Lees meer +

**Registreer** +

COMMUNITAS
IZIKO LOKUCETYISWA KWAMABANDLA
NETWERK VIR GEMEENTEBEDIENING

# 2024 BRUGLERAAR OPLEIDING

## KURSUS 1

**Module 1** | 6 tot 8 Februarie 2024
**Module 2** | 23 tot 25 April 2024

## KURSUS 2

**Module 1** | 3 tot 5 September 2024
**Module 2** | 12 tot 14 November 2024

**Navrae** | *André Agenbag* @ ***agenbag1@sun.ac.za***

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE




## Nuusbrief

*Missie Japan SA besoek*

## Nuusbrief

*CLF Somer 2024*

## Publikasie

*e•CKE Elektronies*

*Oorgeneem uit ecke.co.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Jaco Strydom gesels met drie dominees op besoek aan Kenia**
*Kerkbode / 14 Maart 2024 / Artikels, Gewild Jaco Strydom*

ELDERS GESIEN
**SARK kies 5 Mei as biddag vir algemene verkiesing**
*Kerkbode / 11 Maart 2024 / Gewild, Nuus*

**Kerkbode Kollig Episode 4: Op reis met God**
*Kerkbode / 10 Maart 2024 / Gewild, luister, Nuus / Heléne Meissenheimer*

ELDERS GESIEN
**Wat kan gemeentes nou prakties rondom die komende verkiesing doen?**
*Kerkbode / 8 Maart 2024 / Nuus*

**Kerkbode Kollig Episode 3: In saamloop lê hoop**
*Kerkbode / 3 Maart 2024 / Nuus*

ELDERS GESIEN
**Pastorale brief ná die vierde vergadering van die Algemene Sinode Moderamen**
*Kerkbode / 1 Maart 2024 / Nuus*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

## GEMEENTEGEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

**2024**

**ADVERTEER AANLYN** HIER
of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

www.ngkerkvrystaat.co.za

## VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

## VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

## AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus

VRYSTAAT

**AFSKEIDSPREEK** | U word hartlik uitgenooi na die Afskeidspreek van ds Robbie du Toit, leraar van NG Gemeente Estoire, op **Sondag 7 April 2024 om 09:30**.

"Ds Robbie en mev Renee - om totsiens te sê is nooit maklik nie, ons wens julle al die sukses en geluk in die wêreld toe." - *NG Gemeente Estoire*

*Bevestig asseblief u teenwoordigheid **voor 27 Maart 2024 per e-pos @ ngkerkestoire@gmail.com**. Verskaf ook asseblief die aantal persone wat die geleentheid sal bywoon.*

# ‘n Brose God *vir brose mense*

***Deur** prof Laetus OK Lategan,*
*tentmakerleraar verbonde aan NG Gemeente Bloemheuwel*




**Foto: *Prof Laetus OK Lategan*** *(verskaf)*

> *“Oorgee van my broosheid aan ‘n God wat self broosheid “begryp” en “deurleef” het."*

**Almal kan seker saamstem met diè stelling: *“Wie nie gely het nie, het nie geleef nie.”***

Lyding is ‘n algemeen-menslike ervaring. Mense ly oor siekte, verbreekte verhoudings, omstandighede buite hulle beheer en nog baie meer. Enige lyding bly ‘n persoonlike ervaring. Niemand kan namens my óf vir my ly nie.

Lyding vertel van ons onmeetbare weerloosheid. Van die aangrypendste verse oor lyding, lees ons in Psalm 22:12-16 waar die psalmdigter opmerkings maak soos - “Ek is soos uitgestorte water” of “Ek is so min werd soos ‘n potskerf”. Hierdie ellende metafore verwoord die smartlike ervaring van hoe ‘n mens se lewe kan wees. Veel anders as wat die bedoeling seker was/is.

In die Christelike geloofstradisie vra ons waar is God in krisistye, swaarkrytye? Hoekom bly Hy so ver as ons roep (Ps 22:3)? Die wonder oor waar God is, word verwoord deur die bekende “My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?” (Psalm 22:2). Lyding word gekoppel aan God wat op ‘n afstand is. Óf ‘n God buite hoorafstand. Óf ‘n God wat nie wil hoor óf antwoord nie. Eie aan die menslike aard, is antwoorde belangrik. Ons soek bewyse vir wat gebeur het. *Is dit dalk iets wat ek gedoen het?* Dink maar aan Job se volhou dat hy niks “verkeerd” gedoen het nie. In Johannes 9 is die vraag deur wie se sonde is die seun blind? Sy eie? Sy ouers s’n? Die antwoord is verrassend. *Nie een van hulle nie!* (Johannes 9:2-3).

Maar laat dit die lydendes beter voel?

**Lees meer »**



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

NG Kerk
Vrystaat

**NG KERK VRYSTAAT | © 2024**

DEPARTEMENT
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING